# Hoe lyk Vraag en Aanbod van mielies in Suid-Afrika?

## UITVOERE VAN WITMIELIES KAN KNAP EINDVOORRAAD VEROORSAAK

**Mielies vraag en aanbod oorsig:**

**Witmielies:**

- Die volledige Vraag & Aanbod kan gesien word in **Tabel 1**. Uit die nuutste V&A word die volgende opgemerk:
- As daar na maand-tot-maand verbruik tendense gekyk word in vergelyking met die vorige vyf jaar, is dit duidelik dat minder witmielies vir voedsel gebruik is.
- Witmielie-uitvoere het aansienlik toegeneem. Die rede hiervoor is dat Suider-Afrika se invoere toegeneem het (Sien Grafiek 1) as gevolg van mislukte oeste in daardie lande.
- Op hierdie stadium is die witmielie voorraad baie knap, dit is nog voldoende vir plaaslike verbruik maar die vraag is besig om in die pyplyn voorraad in te "vreet".


**Geelmielies:**

- Daar is 'n beduidende toename op 'n maand-tot-maand basis, vergeleke met die afgelope vyf jaar, in diere- en industriële gebruik van geelmielies. Geel-mielies is goedkoper as witmielies, daarom gaan daar basies geen wit in diere verbruik in nie.

### Die vryemark se rol in vraag en aanbod:

Die vryemark is van kritieke belang in die mieliemark in Suid-Afrika om verskeie redes. In 'n vryemark word pryse bepaal deur vraag en aanbod. Dit stel boere en handelaars in staat om die werklike markwaarde van mielies te bepaal. As daar 'n oorskot van mielies is, daal pryse, omgekeerd, as daar 'n tekort is, styg pryse. Uit die verhandeling van wit- en geelmielie pryse, kan gesien word dat die vryemark werk.

**Grafiek 1: Witmielie uitvoere**




*In vergelyking met dieselfde tyd laasjaar

**Tabel 1: Mielie Vraag en Aanbod**

| VRAAG EN AANBOD VIR MIELIES IN RSA | GSA PROJEKSIE WITMIELIES 2024/25* | GSA PROJEKSIE GEELMIELIES 2024/25* | GSA PROJEKSIE TOTAAL MIELIES 2024/25* |
|---|---|---|---|
| **29-Jul-24** | **(6DE PRODUKSIE SKATTING)** | **(6DE PRODUKSIE SKATTING)** | **(6DE PRODUKSIE SKATTING)** |
| **NOK (Oesskatting 000ton)** | 6 347 700 | 6 985 650 | 13 333 350 |
| **Voorraad** | | | 0 |
| Beskikbaar vir kommersiële verbruik | 6 209 700 | 6 506 284 | 12 715 984 |
| Begin Voorraad (1 Mei) | 1 346 568 | 1 053 987 | 2 400 555 |
| Invoere | 0 | 363 000 | 363 000 |
| Surplus | 12 000 | 17 000 | 29 000 |
| **Totale aanbod** | **7 516 268** | **7 940 271** | 0 |
| **Vraag** | | | 0 |
| Voedsel | 5 364 000 | 584 000 | 5 948 000 |
| Voer | 100 000 | 5 693 000 | 5 793 000 |
| Ander | 25 000 | 56 000 | 81 000 |
| **Totale RSA verbruik** | 5 489 000 | 6 333 000 | 11 822 000 |
| Uitvoere | | | 0 |
| Produkte | 440 000 | 120 000 | 560 000 |
| Heel mielies | 1 100 000 | 665 000 | 1 765 000 |
| **Totale uitvoere** | 1 540 000 | 785 000 | 2 325 000 |
| **Totale Vraag** | **7 029 000** | **7 118 000** | **14 147 000** |
| **Pyplyn voorraad (Ton)** | **487 268** | **822 271** | **1 309 539** |
| **Voorraad bo die pyplyn (maande)** | **1,1** | **1,6** | **1,3** |
| **Voorraad bo die pyplyn (dae)** | **32** | **48** | **41** |

The report was compiled by the applied economics and membership team of Grain SA. If you have any questions or require additional information, please contact the economics team: https://www.grainsa.co.za/pages/about-grain-sa/organisational-structure

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information; however, Grain SA takes no responsibility for any losses or damages incurred due to the usage of this information.*